# 16 JUNIE 1976: ’N HISTORIESE PERSPEKTIEF


## ALBERT GRUNDLINGH

2011

ALBERT GRUNDLINGH

DEPARTEMENT GESKIEDENIS (US)

# UITTREKSEL UIT DIE JEUGBERAAD VAN DIE AFRIKAANSE TAALRAAD

US WOORDFEES 2011

Gepubliseer deur die Afrikaanse Taalraad

atr@afrikaansetaalraad.co.za

# 16 Junie 1976: ’n Historiese perspektief

Ek wil praat oor die Soweto-opstande en Afrikaans, die historiese dinamika daarvan. Ek sal ’n paar gesigspunte probeer belig wat die saak hopelik in perspektief sal stel sonder om dit noodwendig uitermate te verwring en te relativeer.

Om 10:30 op 16 Junie 1976 het honderde leerlinge in die woonbuurt Orlando-Wes in Soweto begin saamdrom teen die beoogde en verpligte infasering van Afrikaans in sekere jaargroepe as ’n onderrigtaal in sekere vakke. Die getalle het aangegroei en leerlinge het opgeruk met plakkate, met slagspreuke soos “Weg met Afrikaans” en “As ons Afrikaans moet praat, moet Vorster (wat die eerste minister was) Zoeloe praat”. Die polisie het nie die optog verwag nie, hulle kon nie effektiewe beheer uitoefen nie en die situasie het ontaard toe hulle lewendige ammunisie gevuur het en ten minste 15 jeugdiges dood is en talle ander gewond is. Toe, volgens een koerant, het alle hel losgebars. Geboue is aan die brand gesteek, motors is met klippe bestook en chaos het geheers. Die opstand het ook landwyd begin uitkring. ’n Mens kan onteenseglik sê dat die aandrang op Afrikaans in Soweto besonder kortsigtig en onsensitief was, veral omdat die tipe vaardighede wat so ‘n beleid nodig gehad het, grootliks in Soweto ontbreek het. Onwetend het die staat se optrede deels daartoe bygedra dat Afrikaans in die toekoms met ’n eksplisiete rassekonnotasie geassosieer sou word, en dit sou bydra tot die stigmatisering van die taal. Sowetodag, en tot ‘n mate die latere Jeugdag, sou die negatiewe dimensies van Afrikaans as ’n geboortemerk saamdra.

Die kwessie van Afrikaans in Soweto lyk vir my asof dit onteenseglik met mekaar verbind is, maar, en dit is die vraag wat ek vandag wil vra: Was dit die enigste rede waarom die opstand uitgebreek het? As ’n mens meer resente navorsing oor die onderwerp lees, wil dit daarop dui dat Afrikaans die lont in die kruitvat was, maar daar was dieperliggende strukturele faktore wat die omstandighede geskep het om ’n protesopstand van stapel te laat loop. Om hierdie jeugrebellie behoorlik te begryp, is dit nodig om na die breër sosiale en ekonomiese veranderinge in die voorafgaande 15 jaar in Soweto te kyk. Ek vra u dus asseblief om saam met my te kyk hoe ons die groter prentjie kan skets.

Die eerste aspek waarna ons moet kyk, is die beleidsverskuiwing van die 1960's na groter apartheid. Groter apartheid of sogenaamde *grand apartheid*, hou verband met die ontwikkeling van swart tuislande. Tussen die periode 1954 en 1960, interessant genoeg, is meer as 50 000 huise vir swart mense in Soweto gebou. Maar in die vroeg sestigerjare het hierdie getalle afgeneem en in 1965 is geen nuwe huise gebou nie. Dit beteken nie dat daar nie 'n groter aanvraag was nie; inteendeel, die kinders van Soweto en inwoners het getrou en met gesinne begin en teen die middel van die 1970's was daar 'n ernstige behuisingstekort in die gebied. Waarom het die staat hierdie beleid verander? Dit was om politieke redes. Na die verbanning van die PAC in 1960, het eerste minister Verwoerd, en sy regering ook daarmee saam, stedelike swartes as 'n groter bedreiging as vantevore ervaar. Tot 1960 was die idee van swart mense wat in stede werk en permanent daar woon vir blankes heel aanvaarbaar gewees. Selfs aan trekarbeiders is verlof toegestaan, verblyfreg toegestaan, mits hulle vir langer as tien jaar vir dieselfde werkgewer gewerk het. Maar nou met die ontwikkeling van tuislande is daar groter druk op stedelike swart mense geplaas – aangesien finansiële bronne weggestuur is van die stede of weggewentel is van die stede na die tuislande. Swart mense was nou veronderstel om in etniese tuislande, soos die Ciskei en die Transkei en Bophuthatswana, hulle heenkome te vind en hulle politieke regte in dié gebiede uit te oefen. Stede is nie meer as groeipunte gesien soos vantevore noodwendig die geval was nie. Die beleids-verandering was op sigself 'n keerpunt en een wat verband sou hou met die opstand van 1976. Die verband het daarin gelê dat 'n nuwe generasie in Soweto onder toenemende maatskaplike druk gekom het. Die pot was stadigaan besig om te prut.

Ironies genoeg het ekonomiese veranderinge ook hiertoe bygedra. Gedurende 1960 het Suid-Afrika ongeëwenaarde ekonomiese groei beleef. In daardie dekade was dit omtrent 6%, en dit was net Japan en Kalifornië in die VSA wat vinniger gegroei het. Deels het dit te make gehad met relatiewe goedkoop arbeid, maar die ekonomie het ook semi-geskoolde arbeid nodig gehad. En die plekke waar mense daardie vaardighede aangeleer het, was hoofsaaklik in stede. Mense van Soweto het ook baat gevind omdat hulle daardie vaardighede ontwikkel het en ietwat hoër lone betaal is. Maar in weerwil van hulle hoër lone kon hulle nie werklik hulle materiële omstandighede verbeter nie. Dit het bygedra tot 'n gevoel van wrewel en frustrasie.

Dit was ’n klassieke geval van die krisis van verhoogde verwagtinge – *rising expectations*. Relatiewe voorspoed kan meer verwagting skep, en indien dit gefnuik word, kan dit die frustrasie verhoog. As jy verwag om meer te kry, maar jy word gedurig teruggehou en jy weet jy kan beter doen, dan is die vlak van frustrasie dikwels veel hoër.

’n Verdere bron van kwelling en frustrasie was dié van die Paswette. Paswette is strenger toegepas. Mense kon nie maklik na stede toe gaan nie en nie gemaklik van die tuislande af gaan soos vantevore nie, en die aantal arrestasies het vanaf 380 000 in 1962 tot bykans 700 000 in 1967 gestyg. Veral vroue is deur hierdie wette geraak, byvoorbeeld ’n vrou wat in ’n tuisland gebore is en met ’n stedelike man getroud sou wees, sou probleme ondervind om permanent in ’n stad te bly. Dieselfde tyd het administrasie in Soweto agteruit gegaan en is van die opbrengs van biersale gebruik om dienste te probeer lewer, en weer eens is finansiële bronne elders verskuif. Klagtes van die inwoners oor die gehalte van die dienste is geïgnoreer. Dit klink nogal bekend. Oorbevolking in Soweto, swak dienste en hardvogtige amptenare het tot die potensieel plofbare situasie bygedra. Hierdie biersale sou ook in die opstand van 1976 ’n teiken word aangesien dit as ’n finansiële bron gebrekkige dienslewering moes finansier.

Die volgende punt wat ek wil ophaal, is die skakel tussen strukturele verandering en politieke aksie. Nou, ideologie en dogma kan nie voortdurend materiële en ekonomiese realiteite ignoreer nie. Na gelang die nywerheidswêreld vooruitgegaan en uitgebrei het, het die vraag na vaardighede toegeneem. Daar was nie ’n genoegsame aantal blankes om in die behoeftes te voorsien nie. Dit het groter druk op die staat geplaas om swart mense op te lei. In die ou kabinet het ’n sogenaamde liberale seksie besef dit sou kortsigtig wees om ekonomiese realiteite weg te wens, en as gevolg daarvan het hulle argumente begin opbou waarom dit nodig was om meer skole in Soweto te bou. Hierdie faksie het die oorhand gekry in die kabinet, en tussen 1972 en 1976 is veertig nuwe hoërskole gebou, en die aantal hoërskoolleerlinge het van ongeveer 12 000 in 1972 tot 35 000 in 1976 toegeneem. So, daar was ’n geweldige vinnige toename van leerders gewees. Die toename in die aantal leerders en die onderlinge interaksies tussen hulle het bygedra dat idees vinniger as vantevore oorgedra kon word. Dit is nog kennelik in die era voor Mxit en

Twitter en selfone, en mense het met mekaar gepraat soos ek nou met julle praat. Dit was ook ’n platform gewees, aangesien hulle gereeld gemeng het op ’n bepaalde skoolterrein om idees vinniger oor te dra. ’n Teelaarde vir ’n nuwe kollektiewe identiteit is geskep. Dit het nie alles net met politiek verband gehou nie. Dit het ook verband gehou met bendegeweld in Soweto waar die leerders hulle verset het teen skollies, soos hulle hulle genoem het, wat meisies aangerand het. Daar was dus ook ’n sosiaal-maatskaplike dimensie daaraan dat hulle die skollies aangeval het en dit het ook bygedra tot ‘n kollektiewe identiteit. Terselfdertyd is hier ook weer eens ’n teelaarde geskep vir ’n groter politieke bewussyn. Jy kry eers ‘n kollektiewe identiteit, dan kan dit oorspoel in ‘n breër politieke identiteit. Die jeug het ook meer selfgeldend begin word. In teenstelling met hulle ouers wat geneig was om die las van apartheid met groter gelatenheid te aanvaar, bloot omdat dit wou voorkom asof daar eintlik niks is wat jy ten opsigte van die sisteem kan doen nie. Hier was ’n nuwe generasie wat eintlik bietjie neergesien het op hulle ouers weens die passiwiteit wat hulle openbaar het.

Een van die faktore wat daartoe bygedra het, was die swart bewussynsbeweging van Steve Biko sedert 1969. Van die organisasies wat by die swart bewussynsbeweging ingeskakel het, was die *South African Students Movement* (SASM), en ’n kern van hulle ideologie was dat jy jou eie identiteit moes vind, onafhanklik van ’n blanke identiteit of ’n breë Westerse identiteit, onafhanklik van enige ander eksterne invloede. Hierdie organisasie het in 1973 nege take in Soweto gehad. Hulle gedagterigting het groter stukrag begin verkry met die onttrekking van die Portugese uit Mosambiek in 1974 en die onafhanklikheidswording van die voormalige kolonie. Dit het vir hierdie *black consciousness*-mense as bewys gedien dat die swartes self daarin kan slaag om die koloniale juk af te skud en hulself te regeer. ’n Mens sou nie kan sê dat die SASM – die swart bewussynsbeweging – deurslaggewend was in die politieke bewussyn nie. Maar dit is nietemin van belang in die hantering van die onderliggende omstandighede wat in 1976 die opstande vooruitgegaan het.

Na alles kan u met reg vir my vra: Wat het dit met Afrikaans te doen? Ek dink die konteks is hier van belang. Dit wat ons as historici doen, is om ‘n konteks te probeer verskaf en die bepaalde gewigte toe te ken aan verskillende dimensies daarvan. As

’n mens dit ietwat kan oorvereenvoudig, indien Afrikaans nie as ’n kwessie deur die staat se stompsinnigheid opgeduik het nie, sou daar heel waarskynlik, gegee die potensieel plofbare omstandighede, ander brandpunte na vore gekom het wat tot ’n opstand kon aanleiding gee. Paswette of swak dienslewering kon net so maklik die situasie op die spits gedryf het. Die feit dat dit spesifiek Afrikaans was, was nie ’n noodwendigheid nie, en in ’n sekere sin kan dit selfs as toevallig beskou word. Maar dit het lang nagevolge gehad wat tot ‘n mate vandag nog sy skaduwees werp.

Wat was die verdere reperkussies hiervan? Hoewel die staat die opstand probeer afmaak het as die werk van agitators, was daar egter sekere Afrikaanse meningsvormers wat die saak meer sensitief hanteer het. In *Rapport* is daar byvoorbeeld gevra: Watter Afrikaner wil met swartes in ’n geveg betrokke raak omdat hulle nie sy taal wil gebruik nie? In *Die Burger* is daar berig dat daar gemengde gevoelens oor die aangeleentheid heers. Alhoewel Afrikaans ’n amptelike taal was, is daar gevoel dit moet nie in mense se kele afgedwing word nie, en daar is terugverwys na die periode na die Anglo-Boereoorlog toe die Milner-regime met ’n doelbewuste poging van verengelsing baie Afrikaners vervreem het. Daardie tipe historiese konneksies is daar gemaak, die historiese verbande is gelê om die publiek te waarsku om darem bietjie meer sensitief na hierdie opstand te kyk. Die realiteit was egter dat die skade reeds gedoen was. Afrikaans wat as die taal van die verdrukker reeds voor Soweto onmin by talle stedelike swartes gewek het, was in 1976 nog meer omstrede. Alhoewel Afrikaans in die spervuur geplaas is, sou dit futiel wees om te redeneer dat alle sprekers van die taal deur die gebeure gekontamineer is. Soos gemeld, kort na die Soweto-onluste, het daar ook onrus na ander gebiede van die land versprei, onder andere na die Wes-Kaap. Wat veral hier van belang is, is dat by die Universiteit van Wes-Kaapland ten minste ’n gedeelte van die protes juis in Afrikaans plaasgevind het na gelang Afrikaanssprekende bruin studente hulle teen apartheidsmaatreëls verset het. Hierdie verwikkelinge word baie goed vasgevang in ’n boek van Cornelius Thomas met die naam van *Wakker, wakker en aan die brand* wat in 1997 verskyn het en wat die aard van die protes by UWK baie beeldend weergee. Oor hierdie boek het Jakes Gerwel gesê, en ek haal aan: “… dat dit waarskynlik baie mense sal verras met watter insig die stryd van Soweto in 1976 hier op die Kaapse Vlakte in Afrikaans gevoer is.” Hy gaan dan voort om te sê: “Nogmaals herinner dit ons aan die geskakeerdheid van ons

geskiedenis van stryd." Dit was 'n baie meer genuanseerde situasie. Hierbenewens het 'n ander kommentator, prof. Roy du Preez, 'n verhelderende evaluering van hierdie breë dinamika gegee. Hy het dit in Engels gedoen, en ek haal aan: "More than I doubted the historical value of the book, is the exciting potential that its literary value might far exceed the author's original intentions. There is also a growing movement amongst Afrikaans speakers, Afrikaans-speaking South Africans, to take back the language from white Afrikaners. Students of the Afrikaans language and literature will delight in the provocative and emotional language as spoken by UWC students. The Afrikaans of UWC in 1976 bears little resemblance to that taught and spoken in the hallowed walls of the Universities of Stellenbosch and Potchefstroom." Volgens Du Preez was die wyse waarop die taal gebruik was "… how its original creators intended it to be, vibrant and expressive, dynamic and innovative, full of joy, descriptive and intense with nostalgia." 'n Mens moet natuurlik daarteen waak om sodanige vertolking te oorromantiseer en te idealiseer en dan nog boonop te probeer gebruik om die skadukant van Afrikaans en apartheid te probeer verontskuldig. UWK het in elke geval mettertyd na 1976 bykans heeltemal verengels, maar dis nietemin van belang om daarop te wys dat die geskiedenis van Soweto in Afrikaans meer kompleks is as wat dikwels uitgebeeld word. Soos die geskiedenis aanbeweeg en ons nuwe vertrekpunte kry, kom daar nuwe insigte na vore. Waar die opstande by UWK in 1976, gegee die algemene toestand in die land, van mindere oorkoepelende belang sou gewees het, kom dit nou na die verloop van tyd sterker in fokus, veral as 'n mens kyk na die ontwikkelingsgang van Afrikaans en die interaksie tussen die taal en die samelewing wat in die taal geboorte gee. Mens kan nou meer in hierdie situasie inlees as wat vantevore gedoen is.

Opsommenderwys: In hierdie aanbieding is gepoog om die kompleksiteite van Afrikaans en die Soweto-opstand in 1976 te belig, die negatiwiteit wat die kwessie omgeef is in 'n breër perspektief probeer plaas, sonder om dit heeltemal te relativeer. Dit is 'n historikus se taak om dinge meer ingewikkeld te maak as wat dit op die oog af lyk. Afrikaans was die sneller vir die opstand, maar vandag word dit as die enigste rede beskou sonder om hierdie ander strukturele faktore wat ek geskets het, in ag te neem. Mens kan argumenteer dat die taal 'n gerieflike teiken is omdat dit 'n aangeleentheid is wat maklik begryp en gepropageer kan word. Meer

ingewikkelde verklarings vir die opstand leen hulle nie geredelik tot ’n openbare konsensie nie.

Dankie.